

## A. Oordeëls profesië (Jes 1-35:10)

Jesaja 1:1-2:5 is 'n mikrokosmos van die boek

### A.a. Dag 1: EK IS, jy is en tog... (Jes 1:1-20)

**In God se hofsaak is jy skuldig en is verdiende straf jou deel, maar as jy gewillig is en luister, word jy deel van 'n klein oorblyfsel.**

#### 1. Inleiding

- 2.5 b 1 Die visioen van Jesaja, seun van Amos, wat hy gesien het aangaande Juda en Jerusalem in die dae van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia, konings van Juda.

Vers 1 wys vir ons die boek gaan oor 'n openbaring van God aan Jesaja.

Hy het oor 'n lang tyd geprofeteer. Ussia (767-740 vC), Jotam (750-735 vC), Agas (735-715 vC) en Hiskia (715-686 vC). Die boek dek 'n baie langer tydperk, maar meer daarvoor later.

#### 2. Die hofsaak (1:2-20)

##### 2.1. God is die HERE, die Verbondsgod, maar jy...

2 Luister, hemel, en gee aandag, aarde, want die HERE

- 2.1 a praat: "Kinders het Ek grootgemaak en opgevoed, maar hulle het teen My in verset gekom. 3 'n Bees ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy besitter. Israel het egter nie kennis nie, my volk toon geen insig nie." 4 Wee 'n sondige nasie, 'n volk swaar belaa met sondeskuld, 'n geslag kwaaddoeners, kinders wat hulle wangedra!

H3068, Jahveh, Verbondsgod

Die naam beteken "Ek is wat Ek is" (Ex 3:1-14) en spreek van God se onveranderlike verbondstrou. Kom 373 keer voor in die boek. Bv. Net in Dan 9. Die Jode wou nie God se heilige naam oor hulle lippe neem nie en het uitgespreek as Jehova

##### 2.2. God is die Heilige, maar jy...

Hulle het die HERE verlaat, die Heilige van Israel verag,

- 2.2 a die Heilige van Israel verag, 2.2 b Hom die rug toegekeer. 5 Waarom wil julle nog geslaan word, en hou julle vol met julle onversetlikheid? Elke kop is siek, elke hart is swak. 6 Van die voetsool tot die kop is daar nie 'n gesonde plek nie, net hale en kneusplekke en oop wonde. Dit is nie gedreineer nie, of verbind of versorg met olie nie. 7 Julle land is 'n woesteny; julle stede is met vuur verbrand. Julle landerye – voor julle oë verteer vreemdes dit; ja, dit is 'n woesteny, asof vreemdes dit verwoes het.

H6918, die Heilige

Die unieke, gans andere God. 26 keer in Jesaja, feitlik nêrens anders nie. Meer by Jes 6.

Dieselfde Hebreuse woorde vir Jesus se lyding in Jes 53:4-5

##### 2.3. God is die HERE, Heerser oor alle magte, en jy...

8 Die dogter van Sion het oorgebly soos 'n takskerm in 'n wingerd, soos 'n oornagskerm in 'n lappie komkommers, soos 'n beleërde stad.

- 2.3 b 9 As die HERE Heerser oor alle magte, nie vir ons 'n klein oorblyfsel agtergelaat het nie – soos Sodom sou ons geword het, aan Gomorra sou ons gelyk gewees het.

H6635, die Heerser

(Here van die leërskare 1953) In beheer van weermagte, engele, die hele skepping. Dit word 62 keer in Jesaja gebruik.

Tema: Die Verbondsgod, wat oor alles heers, sal sorg dat daar 'n oorblyfsel gered word. Paulus haal dit aan in Rom 9:29 as hy die uitverkieëing verduidelik

## 2.4. God is die verhewe God, maar jy...

H3068, Verbondsgod

2.5 d 10 **Luister** na die woord van **die HERE**, gesagvoerders van Sodom! **Gee aandag** aan die wet van ons **God** mense van Gomorra! 11 "Wat baat julle magdom slagoffers My?" vra die Here. "Ek het genoeg gehad van die brandoffers van ramme en die vet van gevoerde diere. Die bloed van bulle, lammers en bokramme **staan My nie aan nie.**" 12

H430, Elohim, Verhewe God

Hoogste, verhewe God, Skepper en opperherder.

Wanneer julle kom om voor My te verskyn – wie eis dit van julle om my voorhowe te vertrap? 13 Hou op om waardelose graanoffers aan te dra! Reukwerk – ~~afstaotlik~~ is dit vir My. Nuwemaansfeeste en Sabbatte, die

God vind wel vreugde in Jesus se offer (Jes 53:10)

Aanbidding sonder die regte harts ingesteldheid en eerbied teenoor Sy verhewendheid

2.4 a **saamroep** van byeenkomste – Ek kan nie **onreg én** gewyde rusdae verdra nie. 14 Julle nuwemane en vaste feestye **haat Ek** met my hele wese; dit is vir My 'n las, **Ek is moeg** daarvoor om dit te dra. 15 As julle julle hande uitstrek, **sluit Ek my oë vir julle.** Selfs as julle baie bid, **luister Ek nie.** Julle hande is vol bloed.

God luister nie na sulke aanbidding nie 8:17, 45:12, 59:2

2.4 b 16 Was julle! Reinig julle! Verwyder julle bese dade voor my oë! Hou op om kwaad te doen! 17 Leer om goed te doen! Bevorder die reg! Lê die onderdrukker aan bande! Handhaaf die reg van die vaderloses! Verdedig die weduwees se regsake!

Dit is suiwer en onbesmette godsdiens voor ons God en Vader: om na weeskinders en weduwees om te sien in hulle ellende, en jouself onbesmet van die wêreld te hou. (Jak 1:27). Later Jes 58.

## 2.5. God roep, gaan jy...?

2.5 a 18 "Kom tog, laat ons die saak uitpraat!" sê **die HERE.**

"Al is julle sondes rooi soos karmosyn, dit sal wit word soos sneeu; al is dit rooi soos skarlaken, soos wol sal dit word.

24 Daarom is dit die uitspraak van **die HERE**, (Jes 1:24)

2.5 e 19 As julle gewillig is en luister – die goeie van die land sal julle geniet.

Twee uitkomst van die regsdispuut:

20 Maar as julle weier en opstandig is – deur die swaard sal julle verteer word.

Luister en ontvang sondevergnis en die vebondsbeloftes of weier en word gestraf

Ja, die mond van **die HERE** het gespreek.

In God se hofsaak is jy skuldig en is verdiende straf jou deel, maar as jy gewillig is en luister, word jy deel van 'n klein oorblyfsel.

**EK IS, jy is en tog...**